



Are you a read-aloud family?

Is your family a read-aloud family? In a read-aloud family, the adults make reading to their children for at least 15 minutes a day part of their daily routine. Why? Because reading aloud to children is the most important thing adults can do to develop children's literacy!

When we start reading aloud to children every day from birth, we prepare them for lifelong learning success. And when we keep reading to them – even when they can read for themselves – we continue to build on the solid foundation we have laid. Every time we read to children, we improve their learning advantage.

3 WAYS TO READ ALOUD

- Read the pictures.
- Read the words.
- Retell the story.



MAKE READING PART OF YOUR DAY!

Choose a time each day to read to your children.

- Before or after nap time
- After meals
- At bedtime


MAKE READING ALOUD ENJOYABLE!

- Put lots of expression into your voice as you read.
- Use different voices for different characters.
- Make up sound effects.
- Ask what might happen next before turning the page.
- Once you have finished reading, ask questions about the story that will help your children express their feelings and opinions, and encourage them to problem solve.



August is Women's Month in South Africa and we're celebrating women in this edition of the Nal'ibali Supplement! Here's what you'll find inside:

- How our story star, Mpumy Ndlovu, is making a difference in children's lives (page 2).
- Ideas on how to use reading, writing and drawing to celebrate Women's Month (page 4).
- A story about a strong woman – Miss Helen's magical world (starting on page 5).



Is julle 'n gesin wat hardop lees?

Is julle gesin 'n gesin wat hardop lees? In 'n gesin wat hardop lees, maak die volwassenes dit deel van hul daaglikse roetine om minstens 15 minute per dag vir hul kinders te lees. Waarom? Want om vir kinders hardop te lees is die belangrikste ding wat volwassenes kan doen om kinders se geletterdheid te bevorder!

Wanneer ons elke dag van geboorte af, begin om vir kinders hardop te lees, berei ons hulle voor op lewenslange leersukses. En wanneer ons aanhou om vir hulle te lees – selfs wanneer hulle self kan lees – gaan ons voort om op die vaste fondament te bou wat ons gelê het. Elke keer as ons vir kinders lees, verbeter ons hul leervoordeel.

3 MANIERE OM HARDOP TE LEES

- Lees die prente.
- Lees die woorde.
- Vertel weer die storie.

MAAK LEES DEEL VAN JOU DAG!

Kies elke dag 'n tyd om vir jou kinders te lees.

- Voor of na slapies deur die dag
- Na maaltye
- Saans met slaaptid



MAAK HARDOP LEES 'N PLESIER!

- Lees met baie uitdrukking in jou stem.
- Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters.
- Gebruik klankeffekte.
- Vra wat moontlik volgende gaan gebeur voordat jy die bladsy omlaai.
- Wanneer jy klaar gelees het, vra vrae oor die storie wat jou kinders sal help om hul gevoelens uit te druk en hul menings te gee, en moedig hulle aan om hul vaardighede vir probleemoplossing te gebruik.



**Drive your
imagination**



**IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.**

Story stars

Storyteller and TV actress, Mpumy Ndlovu, is a FUNda Leader. She is committed to changing children's lives through theatre and literacy. We spoke to her about how she is doing this.

Where did you grow up?

I was born and bred in the township of Umlazi in KwaZulu-Natal. It is the fourth largest township in South Africa, and the only township with its own car registration plate: NUZ!

Tell us about Umlazi.

Life in Umlazi is not easy. A high rate of AIDS-related deaths has led to many children being orphaned and having to be the head of their homes. These children often have to drop out of school and search for jobs to support themselves and their siblings. A shared love of the performing arts, reading and storytelling has helped keep the young people of Umlazi connected. I believe in the power of these things to uplift children.

What should childhood be like?

A child's place is on the playground, where they can play, explore and enjoy their childhood.

Tell us more about your passion for children.

I believe that "your child is my child". We are all responsible for the children around us. We need to become one big family working together to raise all our children. And all children deserve equal opportunities. No one's future should be determined by their background or where they were born. Every child should be allowed to dream because there is always potential for those dreams to come true, especially with community support.

How are you making a difference in children's lives?

In 2009, the young people of Umlazi set up a non-profit organisation which focuses on the performing arts and is dedicated to the children of our community. We started a project – *Dlala Mntwana* (isiZulu for "Play, Dear Child") – where children get to do what they do best: play. They also, often for the first time, experience a theatre performance aimed at sparking their imagination and curiosity. Then, with the support of our local library, we sign the children up for library cards to encourage them to read. I know that belonging to a library helped me so much as a child.

What should all adults do for children?

We must share whatever knowledge and skills we have with the next generation while we can. We must empower them through literacy. We must help them to imagine better prospects for themselves through stories and storytelling.



**FUNda
LEADER**

Go to www.nalibali.org to find out more about the FUNda Leader Programme. You'll also find our special *FUNda Leader Kick-off Kit* on our website. It's filled with ideas about how you can help to get South Africa reading. Download it today and get started!

Storiesterre

Storieverteller en TV-aktrise, Mpumy Ndlovu, is 'n FUNda Leader. Sy is daartoe verbind om kinders se lewens deur teater en geletterdheid te verander. Ons het met haar gesels oor hoe sy dit doen.

Waar het jy grootgeword?

Ek is in die township van Umlazi in KwaZulu-Natal gebore en het daar grootgeword. Dit is die vierde grootste township in Suid-Afrika, en die enigste township met sy eie motorregistrasie-nommerplaat: NUZ!

Vertel vir ons van Umlazi.

Die lewe in Umlazi is nie maklik nie. 'n Hoë voorkoms van VIGS-verwante siektes het daartoe gelei dat baie kinders wees gelaat is en die hoof van 'n huishouding moet wees. Hierdie kinders moet dikwels die skool verlaat en gaan werk soek om hulself en hul broers en susters te onderhou. 'n Gedeelde liefde vir die

uitvoerende kunste, lees en die vertel van stories het gehelp om die jong mense van Umlazi te verenig. Ek glo in die krag van hierdie dinge om kinders op te hef.

Hoe behoort 'n mens se kinderjare te wees?

Kinders se plek is op die speelgrond, waar hulle kan speel, kan verken en hul kinderjare kan geniet.

Vertel vir ons meer van jou passie vir kinders.

Ek glo "jou kind is my kind". Ons is almal verantwoordelik vir die kinders om ons. Ons moet een groot familie word wat saamwerk om al ons kinders groot te maak. En ons kinders verdien gelyke geleenthede. Niemand se toekoms behoort bepaal te word deur hul agtergrond of waar hulle gebore is nie. Elke kind behoort toegelaat te word om te droom, want daar is altyd potensiaal vir daardie drome om waar te word, met die ondersteuning van die gemeenskap.

Hoe maak jy 'n verskil in kinders se lewens?

In 2009 het die jong mense van Umlazi 'n organisasie sonder winsoogmerk gestig, wat op die uitvoerende kunste fokus en opgedra is aan die kinders van ons gemeenskap. Ons het 'n projek begin – *Dlala Mntwana* (isiZulu vir "Speel, Liewe Kind") – waar kinders kan doen wat hulle die beste doen: speel. Hulle beleef ook, dikwels vir die eerste keer, 'n teateropvoering wat daarop gemik is om hul verbeelding en nuuskierigheid aan te wakker. Met die hulp van ons plaaslike biblioteek laat ons dan die kinders aansoek doen vir biblioteekkaartjies en ons moedig hulle aan om te lees. Ek weet dat dit my so baie gehelp het om by 'n biblioteek aan te sluit toe ek 'n kind was.

Wat behoort alle volwassenes vir kinders te doen?

Ons moet al die kennis en vaardighede wat ons het met die volgende generasie deel terwyl ons kan. Ons moet hulle bemaatig deur middel van geletterdheid. Ons moet hulle help om vir hulself beter vooruitsigte in die toekoms te sien deur stories en die vertel van stories.

Gaan na www.nalibali.org om meer oor die FUNda Leader-program uit te vind. Jy sal ook ons spesiale *FUNda Leader-pakket* op ons webwerf vind. Dit is propvol idees oor hoe jy kan help om Suid-Afrika aan die lees te kry. Laai dit vandag af en begin!

**WIN!
WEN!**



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Miss Helen's magical world* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Miss Helen se towerwêreld* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.



Drive your
imagination

Collect the Na'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Na'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

About Gogo

Grandchildren: Neo, Mbali

Languages she speaks: isiZulu, isiXhosa, Sepedi, English and a little bit of French

Favourite things to do: reading, running a reading club on a Saturday afternoon for the children who live near her, and visiting friends

Favourite colour: yellow

Favourite snack: biscuits (with tea)

Stories she likes: romance novels and stories on the radio



Versamel die Na'ibali-karakters

Versamel al jou gunsteling Na'ibali-karakters deur hulle uit te knip en dan te gebruik om jou eie prente, plakkate, stories, of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

Oor Gogo

Kleinkinders: Neo, Mbali

Tale wat sy praat: isiZulu, isiXhosa, Sepedi, Engels en 'n bietjie Frans

Wat sy die graagste doen: lees, bied op Saterdagmiddae 'n leesklub aan vir die kinders wat naby haar woon, en kuier by vriende

Gunstelingkleur: geel

Gunstelinghappie: koekies (met tee)

Stories waarvan sy hou: liefdesverhale en radiostories

Here's an idea ...

- ✂ Cut out and colour in the picture of Gogo. Write a title on the front cover of the book she is reading and then paste the picture on a large sheet of paper. Add other things to the picture to make it your own picture. Then write a caption for your picture.
- ✂ Write a few paragraphs of the story that Gogo is reading next to the picture of her.
- ✂ Keep the picture in a safe place and when you have collected all the Na'ibali characters, use them to create your own Na'ibali poster!



Hier's 'n idee ...

- ✂ Knip die prent van Gogo uit en kleur dit in. Skryf 'n titel op die voorblad van die boek wat sy lees en plak dan die prent op 'n groot vel papier. Voeg ander dinge by die prent om dit jou eie prent te maak. Skryf dan 'n onderskrif vir jou prent.
- ✂ Skryf 'n paar paragrawe van die storie wat Gogo lees langs die prent van haar.
- ✂ Bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Na'ibali-karakters versamel het, gebruik dit om jou eie Na'ibali-plakkaat te maak!

Have you heard about the FUNda Sonke Loyalty Programme?

FUNda Sonke is a loyalty programme for everyone in the Na'ibali network. It's Na'ibali's way of saying "thank you" to those who have joined us in bringing the power of stories and reading to children. FUNda Sonke acknowledges the everyday heroes who generously volunteer their time to encourage and support reading in their communities. It is also a place for everyone to share their literacy experiences, successes and challenges, and to support one another.

FUNda Sonke encourages you to:

- ✓ take part in regular literacy-based challenges that earn you points
- ✓ share your challenges and successes
- ✓ stay motivated to continue your literacy journey.

FUNda Sonke members can take part in our monthly literacy challenges, which will earn them points. These points can be used for rewards like books, airtime, subscriptions to the Na'ibali Newspaper Supplement and special prizes. Join today and earn rewards while you are inspiring others!

How do I register?

1. To register, you need an email address and a password.
2. Go to www.nalibali.mobi and sign up by creating your profile.
3. You can start earning points as soon as you have joined the FUNda Sonke Loyalty Programme.



Het jy gehoor van die FUNda Sonke Loyalty Programme?

FUNda Sonke is 'n lojaliteitsprogram vir almal in die Na'ibali-netwerk. Dit is Na'ibali se manier om "dankie" te sê vir diegene wat by ons aangesluit het om die krag van stories en lees aan kinders te bring. FUNda Sonke gee erkenning aan die alledaagse helde wat ruimhartig hul tyd gee om lees in hul gemeenskappe aan te moedig en te ondersteun. Dit is ook 'n plek vir almal om hul geletterheidservarings, -suksesse en -uitdagings te deel, en mekaar te ondersteun.

FUNda Sonke moedig jou aan om:

- ✓ deel te neem aan gereelde geletterheidsgebaseerde uitdagings waarmee jy punte kan verdien
- ✓ jou uitdagings en suksesse te deel
- ✓ gemotiveerd te bly om jou geletterheidsreis voort te sit.

FUNda Sonke-lede kan deelneem aan ons maandelikse geletterheidsuitdagings, waarmee hulle punte sal verdien. Hierdie punte kan in belonings, soos boeke, lugtyd, subskripsies op die Na'ibali-koerantbylae en spesiale pryse omgeskakel word. Sluit vandag aan en word beloon terwyl jy ander inspireer!

Hoe registreer ek?

1. Om te registreer, het jy 'n e-posadres en 'n wagwoord nodig.
2. Gaan na www.nalibali.mobi en teken in deur 'n profiel te skep.
3. Jy kan begin punte verdien sodra jy by die FUNda Sonke Loyalty Programme aangesluit het.



Drive your imagination

Celebrate women!

In South Africa during August, we honour the role that women have played and still play in building democracy in our country. Here are some reading, writing and drawing activity ideas that you can use to create opportunities for children to think about the influence women have on their lives. Choose the ones that are best suited to your children's ages and interests.

- ★ Read the story, *Miss Helen's magical world* in this edition of the Nal'ibali Supplement and then find other stories about strong women to read during the month. (We have featured cut-out-and-keep books about women in past editions of the supplement. You can download them for free from the Nal'ibali website – www.nalibali.org. Look for these editions: 72, 113, 126, 128 and 142.)
- ★ Write a letter to a woman that you admire. (It can be someone you know or someone you have just read or heard about.) Tell her about the difference she has made in your life.
- ★ Write down all the words that come to mind when you think of strong women. Use these words, together with pictures from newspapers and magazines, and your own drawings to create a poster that shows your understanding of what it means to be a strong woman.
- ★ Write down favours for a woman in your life who inspires you and/or who you really appreciate. Cut up some paper or thin cardboard to make 10 blank cards that are about 10 cm x 4 cm big. Write a different favour on each card. (A favour can be something small, like: **Make a cup of tea every morning for a week**, or **Give a foot massage**, or anything else you know she will enjoy! Add one or two open favours, like: **Choose your own favour**.) Give the pack of favours to the woman you chose so that she can enjoy these favours during Women's Month.

Vier vroue!

In Suid-Afrika eer ons gedurende Augustus die rol wat vroue gespeel het en steeds speel om 'n demokrasie in ons land te bou. Hier volg idees vir lees-, skryf- en teken-aktiwiteite wat jy kan gebruik om geleenthede vir kinders te skep om te dink oor die invloed wat vroue op hul lewens het. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

- ★ Lees die storie, *Miss Helen se towerwêreld*, in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae en vind dan ander stories oor sterk vroue om gedurende die maand te lees. (In vorige uitgawes van die bylae was daar knip-uit-en-bêreboekies oor vroue. Jy kan dit gratis van die Nal'ibali-webwerf – www.nalibali.org – aflaai. Kyk uit vir hierdie uitgawes: 72, 113, 126, 128 en 142.)
- ★ Skryf 'n brief aan 'n vrou wat jy bewonder. (Dit kan iemand wees wat jy ken of iemand van wie jy net gelees of gehoor het.) Vertel haar van die verskil wat sy in jou lewe gemaak het.
- ★ Skryf al die woorde neer wat by jou opkom wanneer jy aan sterk vroue dink. Gebruik hierdie woorde, saam met prente uit koerante en tydskrifte, en jou eie tekeninge, om 'n plakkaat te maak wat wys wat jy verstaan van wat dit beteken om 'n sterk vrou te wees.
- ★ Skryf gunste neer vir 'n vrou in jou lewe wat jou inspireer en/of wat jy regtig waardeer. Knip papier of dun karton op om 10 blanke kaartjies van ongeveer 10 cm x 4 cm te maak. Skryf op elke kaartjie 'n ander guns. ('n Guns kan iets kleins wees, soos: **Maak elke oggend vir 'n week lank 'n koppie tee**, of **Gee 'n voetmassering**, of enigiets anders wat jy weet sy sal geniet! Voeg een of twee oop gunste by, soos: **Kies jou eie guns**.) Gee die pakkie gunste vir die vrou wat jy gekies het sodat sy hierdie gunste gedurende Vrouemaand kan geniet.



Create TWO cut-out-and-keep books

Little and big

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Miss Helen's magical world

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Klein en groot

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Miss Helen se towerwêreld

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination

Helen was not happy. Her mother was so ill, and her father was so grumpy. She kept to herself. People thought she was strange.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




Drive your imagination

Miss Helen's magical world

Miss Helen se toewêreld



Jacqui L'Ange • Wendy Morison • Nadene Kriel



Meet my friend, Helen. She was born in a little Karoo town called Nieu Bethesda. There was not much going on in this town. But she made a whole world here. She even made me. And she named her house after me. It is called “The Owl House”.

Ontmoet my vriendin, Helen. Sy is in ’n klein Karoodorpie met die naam Nieu-Bethesda gebore. Daar het maar min in hierdie dorpie gebeur. Maar sy het ’n hele wêreld hier geskep. Sy het selfs vir my gemaak. En sy het haar huis na my vernoem. Dit word “The Owl House” (Die Uilhuis) genoem.



About Miss Helen


Miss Helen's real name was Helen Martins. She was an artist who made her imaginary world real. A lonely woman living in a small town, she travelled to faraway places in her mind. She turned her home and garden into a magical creative space.

Now, Miss Helen's “Owl House” in Nieu Bethesda in the Eastern Cape, is a National Monument. Many people travel to her home every year to sit in her camel yard among the statues of pilgrims, mermaids, owls and other animals, and to walk through the glittering glass walls inside the house.

Oor Miss Helen

Miss Helen se regte naam was Helen Martins. Sy was 'n kunstenaar wat haar verbeeldingswêreld werklik gemaak het. As 'n eensame vrou in 'n klein dorpie het sy in haar verbeelding na verre plekke gereis. Sy het haar huis en tuin in 'n kreatiewe toerruimte omskep.

Nou is Miss Helen se “Owl House” (Uilhuis) in Nieu-Bethesda in die Oos-Kaap, 'n Nasionale Monument. Baie mense reis elke jaar na haar huis om in haar kameelplaas tussen die beelde van pelgrims, meerminne, uile en ander diere te sit en om verby die glinsterende glasmure in die huis te stap.



Helen and Johannes got married. They travelled to many different towns, teaching and performing plays. Helen thought she might start a family, like her sisters had done. But it was not to be. She and her husband were always fighting.

When Helen's mother became very ill, she decided it was time to go back home.

Helen en Johannes is getroud. Hulle het na baie verskillende dorpe gereis, onderwys gegee en toneelstukke opgevoer. Helen het gedink sy sal 'n gesin begin, soos haar susters gedoen het. Maar dit was haar nie beskore nie. Sy en haar man het heeltyd baklei.


Toe Helen se ma baie siek geword het, het sy besluit dit is tyd om terug te gaan huis toe.

Sy het haar agterplaas met beelde van interessante wesen gevul. Daar was sinkse en kamele, meerminne en katte. En so baie uile! Sy het dit haar kameelplaas genoem. Op die heining het sy die volgende met draad geskryf: “This is my world” (Dit is my wêreld).

Helen decided she wanted brightness in her life. She began by changing the space around her. But she needed helpers. Three men from the village, Jonas Adams, Piet van der Merwe, and Koos Malgas, made the things she imagined out of wire and cement. She filled her back garden with interesting creatures. There were sphinxes and camels, mermaids and cats. And lots and lots of owls! She called it her camel yard. On the fence she made a wire sign. It said: “This is my world”.

Helen het besluit sy wou lig in haar lewe hê. Sy het begin deur die ruimte om haar te verander. Maar sy het helpers nodig gehad. Drie mans van die dorp, Jonas Adams, Piet van der Merwe, en Koos Malgas, het die dinge wat sy in haar verbeelding gesien het uit draad en sement gemaak.

Sy het haar agterplaas met beelde van interessante wesen gevul. Daar was sinkse en kamele, meerminne en katte. En so baie uile! Sy het dit haar kameelplaas genoem. Op die heining het sy die volgende met draad geskryf: “This is my world” (Dit is my wêreld).




But when she closed her eyes for the last time, Miss Helen didn't see darkness. She saw the sun and the moon and the stars. She saw wise men and mermaids, camels and cats, acrobats and owls with big brown glittering glass eyes.

And we still stand here today, just the way she left us, in the garden she made, looking east.

Maar toe sy haar oë vir die laaste keer toemaak, het Miss Helen nie donkerte gesien nie. Sy het die son en die maan en die sterre gesien. Sy het wyse manne en meerminne, kamele en katte, akrobate en uile met hul groot, bruin, glinsterende glasoë gesien.

En hier staan ons vandag nog, net soos sy ons gelos het, in die tuin wat sy gemaak het, en ons tuur na die ooste.





Most of Helen's nine brothers and sisters were grown up and gone by the time she arrived. But she still had her sisters, Annie and Alida. Helen didn't have many friends in the village, but she didn't mind. From the start, Helen did things differently from most people.

After her sisters left home, Helen lived alone with her parents. She loved her mother, but she hated her father. Everyone agreed he was a very strange man.

Her big sister Alida travelled all over the world. One day she sent Helen a postcard from Egypt. In her mind Helen saw princes and pyramids and camels in the sand.

Die meeste van Helen se nege broers en susters was al groot toe sy gebore is. Maar sy het nog haar susters, Annie en Alida, by haar gehad. Helen het nie baie maats in die dorp gehad nie, maar sy het nie omgee nie. Van die begin af het Helen dinge anders gedoen as die meeste ander mense.

Nadat haar susters die huis verlaat het, het Helen alleen saam met haar ouers gewoon. Sy was lief vir haar ma, maar het haar pa gehaat. Almal het saamgestem dat hy 'n baie vreemde man was.

Haar ousus Alida het oor die hele wêreld gereis. Op 'n dag het sy vir Helen 'n poskaart uit Egipte gestuur. In haar verbeelding het Helen prinse en piramides en kamele in die sand gesien.



The garden grew and grew, until there was hardly space left for any more creatures.

Miss Helen was tired now. Her hands were stiff and sore. Her eyes were going blind from working with tiny bits of glass.

She wasn't afraid of being alone, but she was still afraid of the dark. And her world was getting darker and darker. She knew that soon she wouldn't be able to see anything at all.

Die tuin het groter en groter geword, totdat daar skaars plek oor was vir nog beelde.


Miss Helen was nou moeg. Haar hande was styf en seer. Sy was besig om blind te word van haar werk met die klein stukkies glas.

Sy was nie bang om alleen te wees nie, maar sy was steeds bang vir die donker. En haar wêreld was besig om donkerder en donkerder te word. Sy het geweet dat sy binnekort niks meer sou kon sien nie.



Klein boekie, groot boek.

Little book, big book.



Klein bokkie, groot bok.

Little goat, big goat.



Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust and the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgunstige toestemming van The Little Hands Trust en die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

Little and big Klein en groot



Carole Bloch
Vian Oelofsen
Marie Gerber



Little hands, **big** hands.
Klein handjies, **groot** hande.





Little hat, **big** hat.
Klein hoedjie, **groot** hoed.



Little smile, **big** smile.


Klein glimlaggie, **groot** glimlag.





During the day Helen made sculptures. She also collected glasses and mirrors, candles and lamps. Anything that would shine. She put lanterns in every room. Mirrors caught and reflected the light. She covered the walls in tiny pieces of glittering glass so that the walls could shine too.

Gedurende die dag het Helen beelde gemaak. Sy het ook glase en spiëls, kerse en lampe bymekaar gemaak. Enigiets wat sou blink en glinster. Sy het lanterns in elke kamer gesit. Spiëls het die lig gevang en dit weerkaats. Sy het die mure met piepklein glinsterende glasstukkes bedek sodat die mure ook kon glinster.




Die mense van Nieu-Bethesda het verby Helen se tuin gestap en hulle aan die beelde daarin verwonder. Sommige van die kinders in die dorp het vir haar glasbottels vir haar beelde gebring en haar "Miss Helen" genoem. Sy het altyd vir hulle lekkers gegee om dankie te sê. Ander was nie so vriendelik nie. Hulle het haar name toegesnou en klippe op haar dak gegooi. Miss Helen het al haar geld op glas en sement spandeer. Sy het van brood en swart tee geleef. In haar dagboek het sy geskryf: "In my eensaamheid is ek gelukkig."

The people of Nieu Bethesda would walk past Helen's garden and marvel at the creatures in it. Some of the village children brought her glass bottles for her sculptures and called her "Miss Helen". She always thanked them with sweets. Others were not so friendly. They called her names and threw stones on her roof. Miss Helen spent all her money on glass and cement. She lived on bread and black tea. In her diary she wrote: "In my loneliness I am happy."



As she grew older, Helen read more stories of faraway places. She especially liked poems from Persia in the Middle East. She dreamed of visiting the ocean one day. She kept a seashell on her bedside table, and imagined she could hear the sound of waves inside it. But of course, owls were always her favourite things of all!

Namate sy ouer geword het, het Helen meer stories van verre plekke gelees. Sy het veral van gedigte uit Persië in die Midde-Ooste gehou. Sy het daarvan gedroom om eendag die oseaan te sien. Sy het 'n seeskulp op haar bedkassie gehou, en haar verbeel sy kon die klank van die golwe daarin hoor. Maar natuurlik het sy van alles altyd die meeste van uile gehou!



Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Miss Helen's magical world* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), *Little and big* (pages 9 and 10) and *Nomsa's shopping list* (page 14).



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Miss Helen se towerwêreld* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), *Klein en groot* (bladsye 9 en 10) en *Nomsa se inkopielys* (bladsy 15).

Miss Helen's magical world

Helen Martins loved different coloured glass. She cut the glass into thousands of tiny pieces and then glued these to the walls inside her home to decorate them. Each room had walls of a different colour and when the sunlight shone on them, they glistened! Here's an easy way to use colour and light to decorate a window.

You will need:

- * wax paper (that we use to wrap sandwiches)
- * old crayons
- * a grater
- * an iron
- * some newspaper
- * scissors
- * Prestik




1. Stack about 10 sheets of newspaper one on top of the other. Place the stack on a table to protect the surface of the table.
2. On another sheet of newspaper, grate a few crayons. Keep the colours separate so that you have small piles of different colours.
3. Cut two sheets of wax paper to the same size – about the size of an A4 sheet of paper.
4. Lay one sheet of wax paper on top of the stack of newspaper with the waxy side facing upwards.
5. Sprinkle the grated crayons onto the sheet of wax paper. Make sure that you keep the colours separate.
6. Put the other sheet of wax paper on top, with the waxy side facing down.
7. Fold a few sheets of newspaper on top of the wax paper. Now iron it lightly until the crayon melts.
8. When the wax paper has cooled, draw a shape on one side and cut it out.
9. Use Prestik to stick the shape onto a window and watch how the light shines through it!

Miss Helen se towerwêreld

Helen Martins was baie lief vir verskillende kleure glas. Sy het die glas in duisende klein stukkie gesny en dit dan teen die binnemure van haar huis geplak om dit te versier. Elke kamer se mure is met 'n ander kleur glas versier en wanneer die sonlig daarop val, glinster dit! Hier volg 'n maklike manier om kleur en lig te gebruik om 'n venster te versier.

Jy benodig:

- * waspapier (wat ons gebruik om toebroodjies mee toe te draai)
- * ou vetkryte
- * 'n rasper
- * 'n strykyster
- * koerantpapier
- * 'n skêr
- * wondergom



1. Pak sowat 10 velle koerantpapier op mekaar. Plaas die stapel op 'n tafel om die oppervlak van die tafel te beskerm.
2. Rasper 'n paar kryte op 'n ander vel koerantpapier. Hou die kleure apart sodat jy klein hopies van verskillende kleure het.
3. Knip twee velle waspapier van dieselfde grootte uit – ongeveer die grootte van 'n vel A4-papier.
4. Plaas een vel waspapier bo-op die stapel koerantpapier met die waslaag na bo.
5. Strooi die gerasperde kryte op die vel waspapier. Maak seker jy hou die kleure apart.
6. Plaas die ander vel waspapier bo-op, met die waslaag na onder.
7. Vou 'n paar velle koerantpapier bo-op die waspapier. Stryk dit nou liggies tot die kryte smelt.
8. Teken 'n vorm aan een kant wanneer die waspapier afgekoel het, en knip dit uit.
9. Plak die vorm met wondergom teen 'n venster vas en kyk hoe die lig daardeur skyn!



Little and big

- * With your children, look closely at the pictures. Can they find the little and big things in each picture?
- * Look at the pictures again. With your children, tell the story that is shown in the bigger pictures. Encourage your children to give the characters names. Talk about what the goats are doing in each scene. Ask, "What would you do if some goats came along and disturbed you? What would you say to them?"
- * Staple a few blank pages together and let your children create their own books about the concepts "little" and "big" by writing and drawing their own pictures. Help younger children by writing the words they tell you for each picture. Let older children write what they want to. Encourage them to read their finished books to each other, and to you!

Klein en groot

- * Kyk goed na die prente saam met jou kinders. Kan hulle die klein en groot goed in elke prent vind?
- * Kyk weer na die prente. Vertel saam met jou kinders die storie wat in die groter prente vertel word. Moedig jou kinders aan om vir die karakters name te gee. Gesels oor wat die bokke in elke toneel doen. Vra: "Wat sal jy doen as 'n paar bokke verbykom en jou pla? Wat sal jy vir hulle sê?"
- * Kram 'n paar blanko velle papier aan mekaar vas en laat jou kinders hul eie boeke maak oor die konsepte "klein" en "groot" deur te skryf en hul eie prente te teken. Help jonger kinders deur die woorde wat hulle vir elke prent sê, neer te skryf. Laat ouer kinders skryf wat hulle wil. Moedig hulle aan om hul voltooide boeke vir mekaar, en vir jou, te lees!



Nomsa's shopping list

- * Talk about the story. Ask your children, "What do you think might have happened if Mandisa had been on her own when she lost the list? How could she have worked out what she had to buy?" Encourage your children to share as many different ideas as they can – there are no right or wrong answers!
- * Together with your children, write down the shopping list items from the story. Then write a list of all the different things you could make using these ingredients. Suggest that your children write down the recipe for the item they would most like to eat, and/or to draw a picture of it.



Nomsa se inkopielys

- * Gesels oor die storie. Vra vir jou kinders: "Wat dink julle sou gebeur het as Mandisa op haar eie was toe sy die lysie verloor het? Hoe kon sy uitgewerk het wat sy moes koop?" Moedig jou kinders aan om soveel verskillende idees as wat hulle kan te deel – daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie!
- * Skryf saam met jou kinders die items op die inkopielys in die storie neer. Maak dan 'n lys van al die verskillende dinge wat jy met hierdie bestanddele kan maak. Stel voor dat jou kinders die resep neerskryf vir dit wat hulle die graagste sal wil eet, en/of 'n prent daarvan teken.



Drive your imagination



Nomsa's shopping list

By Cicely van Straten ■ Illustrations by Vian Oelofsen



Nomsa was watching her big sister, Mandisa, make a necklace.

Their mother called from the kitchen, "Mandisa, please go to the shop for me. Here is the shopping list."

Mandisa read the shopping list, "Bread, margarine, peanut butter, apricot jam, flour, eggs, sugar, milk, tea and salt. I'll need two bags for all this."

Nomsa hopped up and down. "Can I come too? Please can I come?" She had some money saved. She loved the big round orange sweets at the shop.

"Do you have to?" Mandisa sighed. She was twelve and Nomsa was six and sometimes she got tired of her little sister tagging along behind her. "You'll have to help me carry the shopping then."

"I will, I will!" promised Nomsa. "Read the list again, I want to hear what we have to get."

"Bread, margarine, peanut butter, apricot jam, flour, eggs, sugar, milk, tea and salt," read Mandisa as Nomsa counted the items on her fingers. Ten items, one for each finger. Nomsa could not read yet, but she was good at remembering things.



The sisters went out into the street.

The wind was blowing! It flapped their clothes and it sent the litter in the street racing and tumbling around their feet. As they passed the hair salon in Mrs Ngubane's garage they saw Fezeka and Phumla having their hair braided. Mrs Ngubane was very clever at braiding. Fezeka and Phumla were Mandisa's best friends.

"Yoh, you look good!" Mandisa said when she went into the hair salon to look at the new style in braiding. It was very smart.

"You're wearing a new shirt," Mandisa said to Fezeka. She bent over and felt the material between her fingers. "Where did you find this?"

Nomsa sighed. She wanted to get to the shop quickly. But all Mandisa thought about these days was clothes and hair and shoes.

"I love your new necklace, Phumla!" said Mandisa bending over to touch her friend's new necklace. Then, oh-oh! The wind snatched the shopping list out of Mandisa's hand! It flew away over the wall, then over the roof next door. It was gone, gone, gone! Absolutely and completely gone!

"Now I'm in trouble," said Mandisa as she put her hand over her mouth. "I'll have to go home and ask Mama for a new list and she'll be cross!"

"You don't have to! I can remember the shopping list," said Nomsa hopping up and down. "I can remember everything." She held up her hands and counted the items on her ten fingers. Each finger was something from the shopping list. "Bread, margarine, peanut butter, apricot jam, flour, eggs, sugar, milk, tea and salt!" she said.

Mandisa looked surprised. "Well done, Sisi! I'm glad you came with me. Let's get to the shop quickly and buy those things. Otherwise Mama is going to be cross."

When they got to Mambhele Cash Store, Mandisa asked for all the things that Nomsa had remembered on her ten fingers and she put the things in the shopping bags. Nomsa stared at the big bottle of orange sweets and the bottle of jelly babies near the till. She took her money out and gave it to Mandisa. She pointed at the sweets she wanted and Mandisa bought them. Mandisa added a red lollipop as well.

"That's for saving me from getting into trouble," said Mandisa. "I know you like red lollipops."

They each carried a shopping bag home and Nomsa sucked her red lollipop.

At home, they unpacked the shopping bags on the kitchen table and Mandisa asked, "Mama, can I make pancakes for supper tonight?" She knew Nomsa loved pancakes.

"Yes," said their mother. "I have a lot of school work to mark this afternoon. It would really help me if you made supper."

Together Nomsa and Mandisa mixed flour, eggs, milk, sugar and a little salt for pancakes. They let the mixture stand for an hour. Then they made pancakes and pancakes and more pancakes. The kitchen smelt so good!

When Papa came home, he went straight to the kitchen. "My nose is telling me that we are having pancakes for supper! And I see that my two daughters are the cooks. What are you going to put inside them?" he asked.


"There's some mince left over from yesterday. We can use that," said Mandisa.

"And there's also apricot jam. Apricot jam is my favourite in the whole world!" said Nomsa hopping up and down.

"Mine too," said Papa and he laughed.

When Mama came into the kitchen, she clapped her hands. "Well done, my daughters!" she said.

The pancakes were delicious. "I can remember the ingredients for the recipe," Nomsa said. She held up her hand and counted them on her five fingers, "Flour, eggs, milk, sugar and a little salt!"



Her father laughed and patted her shoulder. "My clever little girl!" he said. "Maybe I should use my fingers to remember things too!"



Nomsa se inkopielys

Deur Cicely van Straten ■ Illustrasies deur Vian Oelofsen

Storiehoekie



Nomsa kyk hoe haar ousus, Mandisa, 'n string krale inryg.

Hul ma roep uit die kombuis: "Mandisa, sal jy asseblief gou winkel toe gaan. Hier is die inkopielys."

Mandisa lees die inkopielys: "Brood, margarien, grondboontjiebotter, appelkooskonfyt, meel, eiers, suiker, melk, tee en sout. Ek gaan twee inkopiesakke hiervoor nodig hê."

Nomsa spring op en af. "Kan ek ook saamkom? Kan ek asseblief saamkom?" Sy het geld gespaar. Sy is dol oor die groot, ronde oranje lekkers by die winkel.

"Moet jy regtig?" sug Mandisa. Sy is twaalf en Nomsa is ses en soms raak sy moeg vir haar kleinsus wat soos 'n sterfjie al agter haar aanloop. "Jy sal my dan moet help dra."

"Ek sal, ek sal!" belowe Nomsa. "Lees weer die lysie, ek wil hoor wat ons moet koop."

"Brood, margarien, grondboontjiebotter, appelkooskonfyt, meel, eiers, suiker, melk, tee en sout," lees Mandisa terwyl Nomsa die items op haar vingers aftel. Tien items, een vir elke vinger. Nomsa kan nog nie lees nie, maar sy kan baie goed onthou.

Die susters stap uit straat toe. Die wind waai omtrent! Dit laat hul klere om hulle wapper en waai die rommel in die straat al om hul voete. Toe hulle by mev. Ngubane se motorhuis verbystap, sien hulle vir Fezeka en Phumla wat hul hare laat vleg. Mev. Ngubane is baie goed met hare vleg. Fezeka en Phumla is Mandisa se beste maats.

"Sjoe, julle lyk so goed!" sê Mandisa toe sy in die haarsalon ingaan om na die nuwe manier van hare vleg te kyk. Dit lyk regtig pragtig.

"Jy't 'n nuwe hemp aan," sê Mandisa vir Fezeka. Sy buk om met haar vingers aan die materiaal te vat. "Waar het jy dit gekry?"

Nomsa sug. Sy is haastig om by die winkel te kom. Maar al waaraan Mandisa deesdae kan dink, is klere en hare en skoene.

"Ek is mal oor jou nuwe krale, Phumla!" sê Mandisa en buk om aan haar maat se nuwe krale te vat. En toe, ô-ô! Die wind skep die inkopielys uit Mandisa se hand! Dit vlieg oor die muur, dan oor die dak langsaan. Dit is weg, weg, weg! Heeltemal skoonveld!

"Nou's ek in die moeilikheid," sê Mandisa, met haar hand voor haar mond. "Ek sal moet huis toe gaan en vir Mamma 'n nuwe lysie moet vra en sy gaan baie kwaad wees!"

"Jy hoef nie! Ek kan onthou wat op die inkopielys was," sê Nomsa en spring op en af. "Ek kan alles onthou." Sy hou haar hande in die lug en tel die items op haar tien vingers af. Elke vinger is iets op die inkopielys. "Brood, margarien, grondboontjiebotter, appelkooskonfyt, meel, eiers, suiker, melk, tee en sout!" sê sy.

Mandisa lyk verbaas. "Mooi so, Kleinsus! Ek is bly jy het saamgekom. Kom ons gaan gou winkel toe om daardie goed te gaan koop. Anders gaan Mamma ongelukkig wees."

Toe hulle by die Mambhele Kontantwinkel kom, vra Mandisa vir al die dinge wat Nomsa op haar tien vingers onthou het, en sy pak dit in die inkopiesakke. Nomsa staan na die groot fles oranje lekkers en die fles jellielekkers naby die kasregister. Sy haal haar geld uit en gee dit vir Mandisa. Sy wys na die lekkers wat sy wil hê en Mandisa koop dit. Mandisa sit nog 'n rooi suigstokkie ook by.

"Dit is omdat jy gekeer het dat ek in die moeilikheid beland," sê Mandisa. "Ek weet jy hou van rooi suigstokkies."

Hulle dra elkeen 'n inkopiesak huis toe en Nomsa suig aan haar rooi suigstokkie.

By die huis pak hulle die inkopiesakke op die kombuistafel uit en Mandisa vra: "Mamma, kan ek vanaand pannekoek bak vir aandete?" Sy weet Nomsa hou van pannekoek.

"Ja," sê haar ma. "Ek het baie merkwerk vir die skool om vanmiddag te doen. Dit sal regtig baie help as julle aandete maak."

Nomsa en Mandisa meng die meel, eiers, melk, suiker en 'n knippie sout vir die pannekoek. Hulle laat die beslag vir 'n uur staan. Toe bak hulle pannekoek, en nog pannekoek. Die kombuis ruik heerlik!

Toe Pappa by die huis kom, stap hy reguit kombuis toe. "My neus vertel vir my ons eet pannekoek vir aandete! En ek sien my twee meisiekinders is die kokke. Watter vulsel gaan julle maak?" vra hy.


"Daar het van gister se maaltjies oorgebly. Ons kan dit gebruik," sê Mandisa.

"En daar's appelkooskonfyt. Appelkooskonfyt is die lekkerste lekker in die hele wêreld!" sê Nomsa en hop op en af.

"Ek stem saam," sê Pappa en lag.

Toe Mamma in die kombuis inkom, klap sy haar hande. "Mooi so, meisies!" sê sy.

Die pannekoek is heerlik. "Ek kan die bestanddele vir die resepte onthou," sê Nomsa. Sy hou haar hand op en tel dit op haar vyf vingers: "Meel, eiers, melk, suiker en 'n knippie sout!"



Haar pa lag en klop haar op die skouer. "My slim meisiekind!" sê hy. "Dalk moet ek ook my vingers gebruik om dinge te onthou!"



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



1.

Spot the difference!

Can you find 6 differences between these two pictures?

A



B



2.

Be a word detective!

Use these clues to find the words in the cut-out-and-keep book, *Miss Helen's magical world*.

- A South African province _____
- A South African town _____
- A country _____
- A bird _____
- Two more animals _____
- Two girls' names _____
- Something made from wax that you light _____
- Something you eat _____
- These are found in the sea _____
- Two feelings _____
- Something you use to build with _____
- Something you can see yourself in _____
- Two things that are human-made that give light _____
- Three things you find in the sky _____

Answers: 2.a. Eastern Cape, b. Nieu Bethesda, c. Egypt/Persia, d. owl, e. camel, cat, f. any two: Helen, Annie, Alida, g. candle, h. bread/sweets, i. waves/shells, j. any two: happy, grumpy, afraid, k. cement, l. mirror, m. any two: candle, lamp, lantern, n. sun, moon, stars



Wees 'n woordspeurder!

Gebruik hierdie leidrade om die woorde in die knip-uit-en-bêreboekie, *Miss Helen se towerwêreld*, te vind.

- 'n Suid-Afrikaanse provinsie _____
- 'n Suid-Afrikaanse dorp _____
- 'n Land _____
- 'n Soort voël _____
- Nog twee soorte diere _____
- Twee meisiesname _____
- Iets wat van was gemaak is en wat jy kan aansteek _____
- Iets wat jy eet _____
- Dit word in die see gevind _____
- Twee emosies _____
- Iets wat jy gebruik om mee te bou _____
- Iets waarin jy jouself kan sien _____
- Twee mensgemaakte dinge wat lig gee _____
- Drie dinge wat jy in die hemelruim vind _____

Antwoorde: 2.a. Oos-Kaap, b. Nieu-Bethesda, c. Egipte/Persië, d. uilje, e. kamele, kaffe, f. enige twee: Helen, Annie, Alida, g. kers, h. brood/lekkers, i. golwe/seeskulp, j. enige twee: gelukkig, knorrig, bang, k. sement, l. spieël, m. enige twee: kers, lamp, lantern, n. son, maan, sterre



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.twitter.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

